# Kom ons praat Kerk:

# Reik Uit

**Eduan Els 05/05/2019**

## 1. GOD HET 'N HART VIR DIE WAT VERLORE IS.

**Matteus 9:35-38 (AFR83) "Jesus het al die dorpe en klein plekkies besoek. Hy het die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal gesond gemaak. Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie. Hy sê toe vir sy dissipels: "Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes."**

**1.1.** God het 'n hart vir die wat verlore is en daar is baie van hulle daar buite, maar die werkers is min. Ons het werk om te doen.

**1.2.** Ons is geroep om 'n dissipel te wees en om dissipels te maak.

**Matteus 28:18-20 "Jesus het nader gestaan. "God het aan My al die mag gegee wat daar is. Niemand is magtiger as Ek nie. Ek wil hê julle moet iets vir My doen: "Die wêreld is nou julle sendingveld. Gaan oral na almal toe en daag hulle uit om My sonder enige voorwaardes of verskonings te volg. As hulle bereid is om My met hulle hele lewe te volg, moet julle hulle doop op gesag van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. So sal julle hulle inlyf om deel van God se familie te wees. Maar dan is julle nog nie klaar nie. Leer hulle en lei hulle dan in alles wat Ek vir julle geleer het. Vertel hulle hoe belangrik dit is om aan My gehoorsaam te wees en te doen wat Ek vra. "En wees verseker: Ek verwag nie dat julle dit alleen moet doen nie. Elke dag, tot met die wederkoms, sal Ek self by julle wees."**

**1.3.** God het ons vooraf voorberei vir goeie werke. Ons moet dus ons lewens op so 'n manier leef dat dit die volheid van Jesus na waar ons werk, leef en speel neem.

**Efesiërs 2:10 "want ons is God se handewerk. Hy het ons in ons eenheidsband met Christus Jesus só gemaak dat ons die goeie werke wat Hy vir ons bestem het, kan uitlewe."**

## 2. HOEKOM SUKKEL ONS OM ONS GELOOF MET ANDER TE DEEL?

**2.1.** Ons vrees dat ons verwerp sal word.

**2.2.** Ons vrees dat ons nie genoeg weet nie.

**2.3.** Ons het daaraan gewoond geraak dat net die pastoor vir ander van Jesus vertel.

**2.4.** Ons voel gediskwalifiseer as gevolg van die feit dat ons steeds in sekere areas van ons lewens sukkel.

## 3. GEDAGTES MET BETREKKING TOT UITREIK:

**3.1.** **Ons het die Heilige Gees om ons te lei**. Heilige Gees sal ons wys wat om te doen, wat om te sê en waar om te kyk as ons Hom vra om ons te lei.

**Handelinge 1:8 "Maar wanneer die Heilige Gees oor julle kom, sal julle krag ontvang en oral mense eerstehands van My vertel – in Jerusalem, oor die hele Judea, in Samaria, en tot in die uithoeke van die aarde."**

**3.2.** **Moenie perfek probeer wees nie, wees eerder net beskikbaar.** God is nie opsoek na mense wie se lewens perfek is nie. Hy is opsoek na die wat bereid is om hul self beskikbaar te maak.

**1 Korintiërs 1:27-28 "God het die maatstawwe van die wêreld totaal omgekeer. Wat volgens mense swak is, het God besluit om sterk te maak. Dinge waaraan mense hulle nie steur nie en wat hulle dink nutteloos is, gebruik God om sy doel te bereik. So word dinge wat mense weer dink iets werd is, nutteloos wanneer dit by God se planne kom."**

**2 Korintiërs 4:7 "Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie."**

**3.3.** **Wees relevant.** Ons kan verhoudings bou met mense wat dieselfde belangstellings as ons het. Ons moenie dat godsdienstige denke in die pad daarvan staan om verhoudings te bou met mense wat anders as ons glo nie. Hierdie verhoudings gee ons juis 'n geleentheid om mense aan Jesus voortestel.

**3.4.** **Wees gemotiveerd deur Sy liefde.** God will hê dat ons in Sy liefde geanker moet wees en dat ons Sy liefde met die res van die wêreld deel.

**Efesiërs 3:16-19 "Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God."**

## Gesprek Gids

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Is dit vir jou moeilik om jou geloof met ander te deel? As jou antwoord ja is, hoekom is dit vir jou moeilik?
2. Glo jy dat daar dinge in jou lewe is wat jou diskwalifiseer daarvan om ander van Jesus te kan vertel?
3. Is jy bereid om jouself beskikbaar te maak om gebruik te raak deur God?